

**29 Mei**

**Markus 6:45-52, (Teks: 6:45,48,50)**

***Die hand, oog en stem van Jesus bring berusting***

Hierdie verhaal speel af pas na die wondermaaltyd van die vermeerdering van die brood en visse. In vers 45 sien ons as't ware die gebiedende hand van die Here wat wee toe wys. Die dissipels moet nou vaar. Die woord "aangesê", druk 'n baie sterk bevel uit ('53 vert. "gedwing"). 'n Mens dwing net iemand wat onwillig is. Ons kan amper die dissipels se onwilligheid verstaan, want hulle is moeg nadat hulle 5000 mense moes kosgee. Dit is al aand en daar is ook nog 'n storm op pad. Menslike logika sou sê, dit is 'n swak plan. Maar Jesus sê "gaan"! Hy stuur hulle die storm in.

In vers 48 hoor ons hoe die Here hulle dophou. "Hy het gesien hulle roei swaar...". Hy kyk met sy wakende oog nie net vir hulle nie, maar ook beskermend na hulle. Hy laat hul egter stry en baklei teen die storm. Hy beproef hulle. Hulle moes leer om geloof te behou in die beleving van hul eie onmag en onvermoë teen die storm, en dat hulle afhanklik van Hom is. Na 'n hele nag se geswoeg teen die storm stap Jesus die volgende oggend na hulle op die water en verlos hulle van die storm met sy stem. "Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie" (vers 50).

Wanneer ons in die stormwaters van die lewe beland en so stry en ly dat ons nie meer verder kan nie, onthou: Die Here bring wel beproewing, maar juis daarin is sy liefdevolle oog altyd op ons gerig. Hy weet wat ons kan hanteer en sal altyd tydig ingryp. Dan hoor ons ook sy stem: "Wees gerus, moenie bang wees nie". Mag die Here ons net help om vandag hierin te glo.

Sing: Psalm 68:9

Ds. L.J. Buys (Keetmanshoop/Karasburg)